



Government Gazette Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID AFRIKA

Vol. 679

14

January
Januarie

2022

No. 45738



N.B. The Government Printing Works will not be held responsible for the quality of "Hard Copies" or "Electronic Files" submitted for publication purposes

ISSN 1682-5845



9 771682 584003

4 5 7 3 8

AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

IMPORTANT NOTICE:

THE GOVERNMENT PRINTING WORKS WILL NOT BE HELD RESPONSIBLE FOR ANY ERRORS THAT MIGHT OCCUR DUE TO THE SUBMISSION OF INCOMPLETE / INCORRECT / ILLEGIBLE COPY.

No FUTURE QUERIES WILL BE HANDLED IN CONNECTION WITH THE ABOVE.

Contents

<i>No.</i>	<i>Gazette No.</i>	<i>Page No.</i>
------------	------------------------	---------------------

GOVERNMENT NOTICES • GOEWERMENTSKENNISGEWINGS**Transport, Department of / Departement van Vervoer**

1671	Road Traffic Management Corporation Act, 1999 (Act No. 20 of 1999): Road Traffic Management Corporation Regulations, 2022	45738	3
1671	Wet op die Padverkeersbestuurskorporasie, 1999 (Wet Nr. 20 van 1999): Padverkeersbestuurskorporasie Regulasies, 2022	45738	10

GOVERNMENT NOTICES • GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTMENT OF TRANSPORT

NO. 1671

14 January 2022

ROAD TRAFFIC MANAGEMENT CORPORATION ACT, 1999**(ACT NO. 20 OF 1999)****ROAD TRAFFIC MANAGEMENT CORPORATION REGULATIONS, 2022**

The Minister of Transport has, under section 48(1), read with section 24, of the Road Traffic Management Corporation Act, 1999 (Act No. 20 of 1999), after consultation with the Shareholders Committee, and for the purpose of the regulations made in terms of section 48(1)(b), with concurrence of the Minister of Finance, made the Regulations in the Schedule.

**Fikile April Mbalula (MP)****Minister of Transport**

13/01/2022

SCHEDULE

Arrangement of Regulations

1. Definitions
2. Services
3. Transaction and service fees
4. Repeal
5. Short title and commencement

List of Schedules:

Schedule 1 – Transaction fees

Schedule 2 – Service fees

Definitions

1. In this Schedule any word or expression to which a meaning has been assigned in the Act shall have the meaning so assigned, and unless the context indicates otherwise—

“Administrative Adjudication of Road Traffic Offences Act” means the Administrative Adjudication of Road Traffic Offences Act, 1998 (Act No. 46 of 1998);

“baseline fees” means the fees charged by the various departments for the initial licensing of a motor vehicle and the renewal of a motor vehicle licence, as determined in terms of section 92(1) of the National Road Traffic Act;

“Cross-Border Road Transport Act” means the Cross-Border Road Transport Act, 1998 (Act No. 4 of 1998);

“department” means a provincial department as defined in the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999);

“driving licence card” means a driving licence card as defined in regulation 1 of the National Road Traffic Regulations;

“issuing authority” means an issuing authority as defined in the Administrative Adjudication of Road Traffic Offences Act;

“motor vehicle” means a motor vehicle as defined in the National Road Traffic Act;

“National Land Transport Act” means the National Land Transport Act, 2009 (Act No. 5 of 2009);

“National Road Traffic Act” means the National Road Traffic Act, 1996 (Act No. 93 of 1996);

“National Road Traffic Regulations” means the National Road Traffic Regulations, 2000, made in terms of the National Road Traffic Act and published in Government Notice No. R. 225 of 17 March 2000;

“NaTIS” means the National Traffic Information System as defined in regulation 1 of the National Road Traffic Regulations;

“services” means the services rendered by the Corporation which includes road traffic

services and services referred to in regulation 2;

“service fees” means the fees set out in Schedule 2;

“the Act” means the Road Traffic Management Corporation Act, 1999 (Act No. 20 of 1999); and

“transaction fees” means the fees set out in Schedule 1.

Services

2.(1) The Corporation may provide the following services:

- (a) Development, maintenance and operation of the NaTIS services;
- (b) law enforcement services rendered by the Corporation as an issuing authority for the purposes of the National Road Traffic Act, National Land Transport Act, Cross-Border Road Transport Act and Administrative Adjudication of Road Traffic Offences Act;
- (c) NaTIS online convenience services, which services may include—
 - (i) the online application, issuing and delivery of a motor vehicle licence and disc to the owner of the motor vehicle;
 - (ii) the online application, issuing and delivery of a registration certificate of a motor vehicle to the title holder of the motor vehicle;
 - (iii) the online notification of the change of ownership of a motor vehicle by the current title holder or owner;
 - (iv) the online application and payment for –
 - (aa) a booking for the renewal, in person, of a driving licence card at a driving licence testing centre; and
 - (bb) the delivery of such driving licence card, upon production of the card in terms of regulation 108 of the National Road Traffic Regulations, to the holder concerned; and
 - (v) the provision of an electronic copy of an accident report; and
- (d) collecting agency services, by the provision of services to collect any revenue on behalf of a department or local government body.

(2) The services referred to in subregulation (1) shall be provided in terms of the Act

and the National Road Traffic Act.

Transaction and service fees

3.(1) Transaction fees for services contemplated in regulation 2(1)(a) to be collected on behalf of the Corporation by a registering authority appointed in terms of section 3 of the National Road Traffic Act, must comprise an amount, set out in Column C of Schedule 1, on the baseline fees as determined by the MEC in terms of regulations 24(2)(b), 25(1), 25A(2)(a) or 30(3)(a) of the National Road Traffic Regulations in respect of every licence application for—

- (a) a motor cycle, motor cycle with a side-car, motor tricycle and a tractor which is operated on a public road;
 - (b) a caravan, other than a motor home;
 - (c) a trailer, other than a semi-trailer, used by the owner thereof solely for such owner's own farming activities;
 - (d) a trailer or semi-trailer;
 - (e) a breakdown vehicle;
 - (f) a motor home; and
 - (g) any other motor vehicle, not referred to in paragraph (a) to (f), for which baseline fees may be required to be prescribed by a department.
- (2) A transaction fee referred to in subregulation (1) shall not be paid with regard to applications for the licences of the following categories of motor vehicles:
- (a) A motor vehicle that is specially classified, as contemplated in regulation 21 of the National Road Traffic Regulations; and
 - (b) a motor vehicle that is exempt from licence fees, as contemplated in regulation 58 of the National Road Traffic Regulations.
- (3) The service fees for any of the convenience services rendered by the Corporation, as contemplated in regulation 2(1)(c), are as set out in Column C of Schedule 2.
- (4) The transaction fees referred to in subregulation (1) must, where applicable, be

collected by registering authorities acting as collecting agents for the department and paid over to the Corporation by the department within 30 days following the month in which the fees referred to in subregulation (1) were collected by the department.

(5) The fees payable –

- (a) as determined by the MEC concerned in terms of section 92(1) of the National Road Traffic Act; or
 - (b) prescribed in terms of section 92(2) of the National Road Traffic Act,
- for the convenience service applications referred to in regulation 2(c), are payable online together with service or transaction fees as shown in Schedule 1 and 2.

Repeal

4. The Road Traffic Management Corporation Regulations, 2007, as published in Government No. R. 386 of 30 April 2007, are hereby repealed.

Short title and commencement

5. These regulations are called the Road Traffic Management Corporation Regulations, 2022, and shall come into operation 30 days after the date of publication hereof in the *Gazette* and every *Provincial Gazette*.

Schedule 1 <i>[Regulation 3(1) and (2)]</i> Transaction fees		
Column A Regulation	Column B Service	Column C Transaction Fee
3(1)(a)	Transaction fees	R72.00

Schedule 2 <i>[Regulation 3(3), read with regulation 2(1)(c)]</i> Service fees		
Column A Regulation	Column B Service	Column C Service fee
2(1)(c)(i)	Online application, issuing and delivery of a motor vehicle licence and disc via ordinary mail	R28.00
	Online application, issuing and delivery of a motor vehicle licence and disc via registered mail	R72.00
	Online application, issuing and delivery of a motor vehicle licence and disc via courier service	R99.00
2(1)(c)(ii)	Online application, issuing and delivery of a registration certificate for a motor vehicle by the title holder	R530.00
2(1)(c)(iii)	Online notification of change of ownership of motor vehicle by the current title holder	R530.00
2(1)(c)(iv)	Online application for booking for renewal of driving licence card	R22.00
2(1)(c)(iv)	Delivery of a driving licence card	R99.00
2(1)(c)(v)	Request for an electronic copy of the Accident Report	R60.00

DEPARTEMENT VAN VERVOER

NO. 1671

14 Januarie 2022

WET OP DIE PADVERKEERSBESTUURSKORPORASIE, 1999**(WET NR. 20 VAN 1999)****PADVERKEERSBESTUURSKORPORASIEREGULASIES, 2022**

Die Minister van Vervoer het kragtens artikel 48(1), saamgelees met artikel 24 van die Wet op die Padverkeersbestuurskorporasie, 1999 (Wet Nr. 20 van 1999), na oorleg met die Aandeelhouderskomitee, en vir doeleindes van die regulasies uitgevaardig ingevolge artikel 48(1)(b), na instemming van die Minister van Finansies die Regulasies gemaak in die Bylae.

BYLAE**Indeling van regulasies**

1. Woordomskrywing
2. Dienste
3. Transaksie- en diensgelde
4. Herroeping
5. Kort titel en inwerkingtreding

Lys van Bylaes:**Bylae 1 - Transaksiegelde****Bylae 2 - Diensgelde**

Woordomskrywing

1. In hierdie Bylae het 'n woord of uitdrukking waaraan daar in die Wet 'n betekenis geheg is, daardie betekenis en tensy die samehang anders blyk, beteken -

"basislyngelde" die gelde wat deur die verskillende departemente gehef word vir die eerste lisenasiering van 'n motorvoertuig en die hernuwing van die lisenasiering van 'n motorvoertuig, soos bepaal ingevolge artikel 92(1) van die Nasionale Padverkeerswet;

"bestuurslisensiekaart" 'n bestuurslisensiekaart omskryf in die Nasionale Padverkeersregulasies;

"departement" 'n provinsiale departement soos omskryf in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999);

"diensgelde" gelde wat uiteengesit is in Bylae 2;

"dienste" die dienste gelewer deur die Korporasie wat padverkeersdienste insluit soos omskryf in die Wet, en enige dienste verwys na in regulasie 2;

"motorvoertuig" 'n motorvoertuig soos omskryf in die Nasionale Padverkeerswet;

"Nasionale Padverkeersregulasies" die Nasionale Padverkeersregulasies, 2000 gepubliseer by kennisgewing 225 van 17 Maart 2000;

"Nasionale Padverkeerswet" die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet Nr.. 93 van 1996);

"NaVIS" die Nasionale Verkeersinligtingstelsel soos omskryf in die Nasionale Padverkeersregulasies;

"transaksiegelde" die gelde soos uiteengesit in Bylae 1;

"uitreikingsgesag" 'n uitreikingsgesag soos omskryf in die Wet op Administratiewe Beregting van Padverkeersmisdrywe;

"Wet" die Wet op Padverkeersbestuurskorporasie, 1999 (Wet Nr. 20 van 1999);

“Wet op Administratiewe Beregting van Padverkeersmisdrywe” die Wet op Administratiewe Beregting van Padverkeersmisdrywe, 1998 (Wet Nr. 46 van 1998);

“Wet op Nasionale Landvervoer” die Wet op Nasionale Landvervoer, 2009 (Wet Nr. 5 van 2009); en

“Wet op Oorgrenspadvervoer” die Wet op Oorgrenspadvervoer, 1998 (Wet Nr. 4 van 1998).

Dienste

2. (1) Die Korporasie mag die volgende dienste verskaf:
- (a) Ontwikkeling, instandhouding en werking van die NaVIS dienste;
 - (b) wetstoepassingsdienste gelewer deur die Korporasie as 'n uitreikings-gesag vir die doeleindes van die Nasionale Padverkeerswet, Nasionale Padverkeersregulasies, Wet op Nasionale Landvervoer, Wet op Oorgrenspadvervoer en Wet op Administratiewe Beregting van Padverkeersmisdrywe;
 - (c) NaVIS aanlyn geriefdienste, wat insluit -
 - (i) die aanlyn aansoek, uitreiking en aflewering van 'n lisensie- en skyf aan die eienaar van 'n motorvoertuig;
 - (ii) die aanlyn aansoek, uitreiking en aflewering van 'n registrasiesertifikaat aan die titelhouer van 'n motorvoertuig;
 - (iii) die aanlyn kennisgewing van verandering van eienaarskap van 'n motorvoertuig deur die huidige titelhouer of eienaar;
 - (iv) die aanlyn aansoek en betaling vir -
 - (a) die bespreking vir die hernuwing, in persoon, van 'n bestuurslisensiekaart by 'n bestuurslisensie-toetssentrum; en
 - (b) die aflewering van sodanige bestuurslisensiekaart, na vervaardiging van die kaart ingevolge regulasie 108 van die Nasionale Padverkeersregulasies; en

- (v) die voorsiening van 'n elektroniese afskrif van 'n ongeluksverslag; en
 - (d) invorderings agentskapsdienste, deur die verskaffing van dienste om enige inkomste namens 'n departement of plaaslike regeringsliggaam in te vorder.
- (2) Die dienste soos bedoel in subregulasie (1) word ingevolge die Wet en die Nasionale Padverkeerswet verskaf.

Transaksiegelde

3. (1) Transaksiegelde vir dienste bedoel in regulasie 2(1)(a) wat namens die Korporasie ingevorder moet word deur 'n registrasie-owerheid wat ingevolge artikel 3 van die Nasionale Padverkeerswet aangestel is, moet, uit 'n bedrag bestaan, uiteengesit in Kolom C van Bylae 1, op die basislyngelde soos bepaal deur die LUR van elke provinsie ingevolge regulasies 24(2)(b), 25(1), 25A(2)(a) of 30(3)(a) van die Nasionale Padverkeersregulasies ten opsigte van elke lisensie-aansoek vir –
- (a) 'n motorfiets, motorfiets met 'n syspan, motordriewiel en 'n trekker wat op 'n openbare pad gebruik word;
 - (b) 'n woonwa, behalwe 'n motorryhuis;
 - (c) 'n sleepwa, uitgesonderd 'n leunwa, wat deur die eienaar daarvan uitsluitlik vir sodanige eienaar se eie boerdery-aktiwiteite gebruik word;
 - (d) 'n sleepwa of leunwa;
 - (e) 'n teëspoedwa;
 - (f) 'n motorryhuis; en
 - (g) enige ander motorvoertuig wat nie in paragrafe (a) tot (f) genoem is nie, waarvoor basislyngelde deur 'n departement vereis word, voorgeskryf word.
- (2) Die transaksiegelde bedoel in subregulasie (1) word nie betaal met betrekking tot aansoeke vir lisensies vir die volgende kategorieë motorvoertuie nie:

- (a) 'n Motorvoertuig wat spesiaal geklassifiseer is, soos bedoel in regulasie 21 van die Nasionale Padverkeersregulasies; en
 - (b) 'n motorvoertuig wat vrygestel is van lisensiëring, soos bedoel in regulasie 58 van die Nasionale Padverkeersregulasies.
- (3) Alle diensgelde vir enige geriefdienste verskaf deur die Korporasie, soos bedoel in regulasie 2(1)(c), is uiteengesit in Kolom C van Bylae 2.
- (4) Die transaksiegelde bedoel in subregulasie (1) moet, waar van toepassing, ingevorder word deur registrasie-owerhede wat as invorderingsagente vir die betrokke departement optree en oorbetaal word aan die Korporasie binne 30 dae na die maand waarin die gelde bedoel in subregulasie (1) deur die sodanige departement ingevorder is.
- (5) Die gelde betaalbaar–
- (a) soos deur die LUR bepaal, ingevolge artikel 92(1) van die Nasionale Padverkeerswet; of
 - (b) voorgeskryf ingevolge artikel 92(2) van die Nasionale Padverkeerswet,

vir die aansoeke vir geriefdienste soos bedoel in subregulasie (2)(c), is aanlyn betaalbaar saam met die diens-of transaksiegelde soos in Bylae 1 en 2 aangedui.

Herroeping

4. Die Padverkeersbestuurskorporasieregulasies, 2007, soos gepubliseer in Goewermentskennisgewing Nr. R. 386 van 30 April 2007, word hiermee herroep.

Kort titel en inwerkingtreding

5. Hierdie regulasies heet die Padverkeersbestuurskorporasieregulasies, 2022, en tree in werking 30 dae na die datum van publikasie hiervan in die *Staatskoerant* en elke *Provinsiale Koerant*.

Bylae 1 <i>[Regulasie 3(1) en (2)]</i>		
Transaksiegelde		
Kolom A	Kolom B	Kolom C
Regulasie	Dienste	Transaksiegelde
3(1)(a)	Transaksiegelde	R72.00

Bylae 2 <i>[Regulasie 3(3), gelees met regulasie 2(1(c))]</i>		
Diensgelde		
Kolom A	Kolom B	Kolom C
Regulasie	Diens	Diensgelde
2(1)(c)(i)	Uitreiking en aflewering van 'n motorvoertuiglisensie- en skyf per gewone pos	R28.00
	Uitreiking en aflewering van 'n motorvoertuiglisensie- en skyf per geregistreerde pos	R72.00
	Uitreiking en aflewering van 'n motorvoertuiglisensie- en skyf per koerierdiens	R99.00
2(1)(c)(ii)	Aanlyn-registrasie van 'n motorvoertuig deur die titelhouer	R530.00
2(1)(c)(iii)	Aanlyn-kennisgewing van verandering van eienaarskap van motorvoertuig deur die huidige titelhouer	R530.00
2(1)(c)(iv)	Aanlyn-aansoek vir die hernuwing van bestuurslisensiekaart	R22.00
2(1)(c)(iv)	Afwering van 'n bestuurslisensiekaart	R99.00
2(1)(c)(v)	Versoek om 'n elektroniese afskrif van 'n ongeluksverslag	R60.00

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Contact Centre Tel: 012-748 6200. eMail: info.egazette@gpw.gov.za
Publications: Tel: (012) 748 6053, 748 6061, 748 6065